**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

**Hersiening Nr. : 1054/2005**

In die hersiening tussen:

**DIE STAAT**

*versus*

**OUPA ALFRED MOTSOANE**

---

**CORAM:** HATTINGH R *et* BLOEM WND R

---

**UITSPRAAK DEUR:** BLOEM WND R

---

**GELEWER OP:** 7 OKTOBER 2005

---

[1] Die beskuldigde het in die landdroshof te Botshabelo tereggestaan op ‘n oortreding van artikel 65(1)(a) van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet Nr. 93 van 1996) deurdat hy ‘n voertuig bestuur het terwyl hy onder die invloed van sterk drank was. Hy het skuldig gepleit en na ondervraging ingevolge die bepalings van artikel 112(1)(b) van die Strafproseswet, 1977 (Wet Nr. 51 van 1977) was hy

skuldig bevind. Hy was gevonnis tot ‘n boete van R8 000,00 of 18 maande gevangenisstraf waarvan R4 000,00 of 9 maande gevangenisstraf opgelê was vir 4 jaar op voorwaarde dat hy nie skuldig bevind was aan dieselfde misdryf gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie.

[2] Die beskuldigde was behoorlik skuldig bevind aan die misdryf waarvan hy aangekla was. Daardie skuldigbevinding moet dus bekragtig word.

[3] Die beskuldigde is ‘n eerste oortreder. Ten tye van die misdaad was hy 52 jaar oud. Op die betrokke dag het hy met ‘n voertuig op die Botshabelo hoofpad gery waar hy by ‘n padblokkade gestop was. By die padblokkade was dit gevind dat hy na sterk drank ruik. Hy was gearresteer en na ‘n dokter geneem waar bloedmonsters geneem was. Die beskuldigde het erken dat sy bestuursvermoë aangetas was as gevolg van die drank wat hy gedrink het voordat hy gestop was.

[4] Die vonnis wat opgelê was is so treffend onvanpas dat dit ‘n gevoel van skok openbaar. Daar is ‘n groot verskil tussen

die vonnis wat die landdros opgelê het en die vonnis wat ek meen ‘n behoorlike vonnis is. Gevolglik moet daar met die vonnis ingemeng word.

[5] Die vonnis wat opgelê was, word tersyde gestel en vervang met ‘n boete van R4 000,00 of 8 maande gevangenisstraf waarvan R2 000,00 of 4 maande gevangenisstraf opgeskort word vir 5 jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word nie aan die bestuur van ‘n voertuig terwyl hy onder die invloed van drank is gepleeg gedurende die tydperk van opskorting en waarvoor onopgeskorte gevangenisstraf opgelê word. Daar word verder gelas dat die bedrag van R2 000,00 aan die beskuldigde terugbetaal word.

**G.H. BLOEM, WND R**

Ek stem saam.

**G. A HATTINGH, R**

/sp